
S.A.W.A.

S.A.C.A.

# Die Kosmos

*Jaargang 31 No 7 Maart - Mei 2010*



Nuusblad van Streek Oosvaal van die Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie
Redakteur en bladuitleg: Elma Bronkhorst
| | |
|---|---|
| Lateganstraat 15 | Posbus 3806 |
| Secunda | Secunda |
| 2302 | 2302 |
| Tel: | 017 634 6001 (H) |
| | 082 469 3559 |

E-Pos: wilie.bronkhorst@vodamail.co.za
Drukwerk en verspreiding: Willie & Elma Bronkhorst
Fotoblaaie: Willie Bronkhorst

# INHOUD

| | |
|---|---|
| Streekbestuur | 3 |
| Oordenking | 4 |
| Redaksioneel | 4 |
| Uit die Voorsitter se pen | 5, 6 |
| Saamtrek Nuus | 6, 7 |
| Jaarprogram 2010 | 8 |
| Senior Burger | 8 |
| Moeders | 9 |
| Kleinspan | 9, 10 |
| Verjaardae | 11 |
| Huweliksherdenkings | 11 |
| Lief en Leed | 11 |
| Aansporingsplaatjie | 12 |
| Nuwe Lede | 12 |
| Oosvaal Bank Besonderhede | 12 |
| Voorraad | 12 |
| Fynproewer | 13 |
| Sawa klere | 14 |
| Voogdelys | 14 |
| Fotobeeld | 15, 16 |

# STREEKBESTUUR 2008/2009




**Voorsitter**
Lance Batts
Piet Slabbertstraat 52A
Secunda

Posbus 3817
Secunda
2302

Tel: 017 631 1002 (H)
017 610 3814 (W)
082 876 8391

E-pos: lance.batts@sasol.com

**Onder Voorsitter**
Kobus Bester
Wag-'n-bietjiestraat 9
Secunda

Posbus 3563
Secunda
2302

Tel: 017 634 5510 (H)
017 610 4302 (W)
082 651 2281

E-pos: kobus.bester1@sasol.com

**Sekretaresse**
Magda van Dyk
William Hoggestraat 1
Secunda

Posbus 6221
Secunda
2302

Tel: 017 634 6735 (H)
017 610 5140 (W)
072 142 3229

E-pos: magda.vandyk@sasol.com

**Penningmeester**
Johan Burger
Vermeerstraat 18
Secunda

Posbus 10460
Secunda
2302

Tel: 017 634 1618 (H)
017 619 2663 (W)
082 923 5614

E-pos: johan.burger@sasol.com

**Addisionele Lid/Voorraad beampte**
Janke Britz
Tygerberg Tuinhuis 42
Secunda

Posbus 2166
Secunda
2302

Tel: 017 634 2707 (H)
017 610 1970 (W)
084 358 4199
E-pos: janke.britz@sasol.com


**Addisionele Lid/Nuusbrief Redakteur**
Elma Bronkhorst
Lateganstraat 15
Secunda

Posbus 3806
Secunda
2302

Tel: 017 634 6001 (H)

082 469 3559
E-pos: willie.bronkhorst@vodamail.co.za

# OORDENKING



**Hoop**

**Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is. Hebr. 6 : 19**

Die skildery oor die hoop is algemeen bekend. Op die skildery sit-lê 'n vrou op 'n aardbol. Haar oë is geblinddoek, sy is van alle uitsig ontneem en in donkerte gehul. In haar hande hou sy 'n harp waarvan al die snare behalwe een stukkend is. Onderaan die skildery staan gedruk: **"Hope"**
Die een snaar waarop die mens selfs in die donkerste omstandighede nog kan speel, is hoop. Die ware hoop, waarvan die Bybel so baie maak, is nie 'n vae versugting van "ag mag dit tog gebeur" nie. Die word voorgestel as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker, 'n vaste sekerheid.
Hierdie hoop vind ons in Christus. Geen stormwind van teenspoed en pyn kan die anker van Christus, ons hoop, in lewe en sterwe losruk nie. Dit is in die ewigheid gebind aan die troon van God; op hierdie een snaar wat oorgebly het, kan ons steeds die lied van ons hoop en vertroue speel.
Die Heilige Gees gee ons nie net 'n sekerheid in die stryd van die hede nie. Hy neem die blinddoek van ons oë af weg sodat die donker nagte van beproewing verlig word deur die sekerheid van die heerlikheid wat wag. Hy waarborg die beloftes van die Woord.
Soos die ou moeder wat langs elke belofte wat sy in die Bybel gelees het. 'n "b" geskryf het en langs elkeen wat vervul is, nog 'n " b ". Die twee "b's" staan vir "belofte" en "betaal" het sy op navraag verklaar.
Elke Christen kan hierdie twee "b's" in sy lewe skryf. Die Bybelse belofte is aan die kruis vervul of betaal. Geen Christen is onder God en sonder hoop in die wêreld nie. Ook in die donkerste ure met sy doodskaduwee kan ons op die snaar van hoop speel.

**Nag in die môre: deur JJ de Klerk**

# REDAKSIONEEL



Oosvalers,


Teen die tyd dat julle die uitgawe van die Kosmos ontvang is 'n kwart van die jaar alweer verby. Dit is byna ongelooflik hoe vinnig die tyd verby vlieg.


Ek wil die jaar afskop met die volgende woorde: O mens, glo in God met al jou mag, want hoop berus op geloof, liefde op hoop, en oorwinning op liefde.

Juliana van Norwich.

Elma, Willie en WP.

# UIT DIE VOORSITTER SE PEN





Dagsê  Oosvalers

Dit is skrikwekkend om te sien einde Februarie is sterk oppad en dat dit amper reeds die tweede maand van 2010 wat verby is. Voor ons, ons oë uitvee is ons besig met ons AJV. Ek hoop dat die van julle wat weg was met Desember vakansie goed uitgerus het en verfris teruggekom het. So sien ons uit na ’n baie voorspoedige 2010.

Ek glo en vertrou dat ons die jaar sommer baie lekker gaan kamp en dat die kamp getalle gaan optel. Januarie het ons 10 waens gaan kamp te Kareekloof en wat ’n heerlike naweek het ons nie gehad nie.  Martiens en Alta Grobler het as nuwe lede daar aangesluit. Welkom by ons Oosvaal-familie en ek hoop en vertrou julle gaan sommer baie lekker saam ons kamp.

Begin Februarie het ek en Janke Britz die Oop NUB vergadering te Bloekompoort bygewoon.  Daar is nuwe SAWA klere aan ons gewys. Hoop Elma kon foto’s kry om in die Kosmos te sit sodat jul kan sien.  Dis ’n mooi SAWA trui teen R150-00, Gholf hemde  teen R80-00 en mooi pette teen R40-00.

Einde Februarie gaan ons te Elandskloof buite Belfast kamp.  Dit beloof om ’n baie lekker saamtrek te wees.

As gevolg van die Noordelike Presidente wat vanaf Eiland na Graskop verskuif is, het ons geen belangstelling vir die toer gekry nie. Dus het ons besluit om die toer vir eers af te stel. Ons sal kyk of ons dalk ’n toer kan reël na ’n ander gedeelte van die land, anders sal ons ’n lekker toer reël vir volgende jaar April.  Begin April is dit weer Presidente te Potchdam.  Die kostes beloop R490-00 vir die naweek vanaf 1 tot 4 April. Laat weet asseblief so gou moontlik of jul dit wil mee maak.  Dit is werklik ’n baie lekker saamtrek waar heerlik fees gevier word en is die moeite werd om by   te woon.

Ek kan jul nou amptelik laat weet dat ons die jaar die kampkommandante by die Kongres te Buffelspoort gaan wees tydens die naweek van 8 tot 10 Oktober.  Ek vra julle ondersteuning en julle, julle beskikbaar sal stel om te kom help met die rëelings en werk. Laat weet my asseblief of julle bereid is.  Ek vra mooi dat as julle, julle naam op gegee om nie later kop uit te trek nie.  Daar het reeds 10 lede gesê dat hulle beskikbaar sal wees.  Kom ons wys die res van SAWA wat in Oosvaal steek en ons maak  ’n sukses daarvan.  Ek weet ek kan op jul staat maak.  Dit gaan heerlik wees en die wat nog nooit die kans gehad het om ’n Kongres by te woon nie, dit is nou jul kans.

Ek het ook so bietjie slegte nuus vir die wat nog nie gehoor het nie.  Willie en Elma Bronkhorst gaan ons en Secunda verlaat. Willie het ’n goeie aanbod in Johannesburg gekry en hul verhuis einde April.  Willie het wel gesê hulle sal by Oosvaal aanbly tot na die Kongres waarna hul ’n oorplasing na ’n streek in Pretoria sal neem.  Willie, Elma en WP ons wens jul alle sukses en voorspoed toe met julle trek asook in die nuwe werk. Ons weet julle sal ook daarvan ’n sukses maak, en

weet ons gaan julle mis.  Pretoria is darem nie land uit nie en sal ons by julle gaan kuier.  Julle is ook altyd welkom hier by ons en hoop jul sal ook kom kuier.

Elma het ook aangedui dat sy steeds die Kosmos sal hanteer vir ons tot by die AJV waarvoor ek baie dankbaar is.  Maar soos julle nou weet gaan ons iemand benodig wat die Kosmos moet oorneem.  Laat weet asseblief so gou moontlik vir my indien jy bereid sal wees om as nuusbrief redakteur by Elma oor te neem.

Aan almal wat verjaarsdae en huweliksherdenkings gevier het die afgelope tyd baie geluk daarmee.  Aan die wat siek was of in die hospitaal was wens ek jul alle sterkte en ŉ spoedige herstel toe.  Mag die Here jul behoed en bewaar.

Aan al die studente en skoliere sterkte met jul studies vanjaar.

Mag die Here met jul elkeen wees en ryklik seën.



Oosvaal groete,
Lance Batts.

# SAAMTREKNUUS

Loskopdam  21 – 22 November  2009

Vrydagmiddag daag een na die ander woonwa op.  Lance was die eerste wat by die kamp opgedaag het en hy moes in die gietende reën sy woonwa opslaan.  Die van ons wat werk, en eerste later kon gaan kamp was gespaar van die opslaan in die reën.  Dit wys jou nou net wat gebeur as jy voorbarig wil wees.  Dit was ook Lance se verjaardag, maar Retha het aan almal gevra om te maak of ons vergeet dat hy verjaar sodat ons hom later die aand kon verras.  Jy kon duidelik sien dat Lance verwag dat ons hom moet gelukwens maar daar gebeur niks.  Toe ens egter na boekevat vir hom begin sing en hy gekroon word met ŉ reuse hoed en lekker koeke wat Petra van Pretoria af saamgebring was hy baie verleë.

Saterdag het die sawanante lui, lui ontwaak en is die oggend deurgebring deur te gaan swem en rondloop.  Die kinders het met blink oë gesit en wag vir Kersvader wat gaan kom kuier – en hierdie keer het sy broek gehou.  Nadat daar vleisgebraai en heerlik geëet is het ons boekevat gehou en Kersliedere by kerslig gesing.

Sondagoggend is die naweek afgesluit met boekevat en die gebruiklike afsluiting en uitdeel van erkenning en straf.  WP, Jorika, Chrizanne en Mark het Boo-Boo's gekry om dat hulle die Saterdagaand rondgeloop het toe hulle die aandprogram moes aanbied.  WP en Mark is met die Groot Boo-Boo bekroon omdat hulle die wimpel "gesteel" en in Lance se woonwa weggesteek het.

So kom nog ŉ lekker gesellige saamtrek ten einde en word die jaar  op ŉ hoogtepunt afgesluit.

Willie, Elma, Lance en Retha.



Kareekloof 30 – 31 Januarie 2010

Die eerste kamp van die jaar het aangebreek! Almal is baie opgewonde om weer by Karreekloof te gaan kamp en Vrydag die 29 ste Januarie is dit toe so.
Ons eerste kampers, wie nog nie eens hulle lidnommer ontvang het nie is reeds vroeg al daar. Die ander kom so stuk-stuk aan. Die Kampkommandante is toe so effens laat weens korrektiewe aksies nadat daar by Magda se kar ingebreek was deur die week. Die kommandante was darem betyds vir boekevat. Kort na boekevat, bars daar toe 'n harde reën bui los, maar gelukkig pla dit mos nie. Hennie en Monica Oosthuyzen het ook kom kamp en ons het ampertjies gedink hulle is gaste!
Toe ons begin met die boekevat kry ons 'n verassingsbesoek van Andre en Juliana Knoetze van Kemptonpark Streek wat ook daar gekamp het. Goudrif Streek staan toe naby die hek en Pretoria Streek was ook daar. Dit lyk toe amper soos 'n klein kongres of Presidente Saamtrek soos al die woonwaens getrek is.
Saterdag oggend vat 'n paar mense toe die pad en besoek toe 'n vlooimark daar by Henley-on-Klip. Party koop kos, ander brood en ander weer sommer maar so 'n ietsie. Sommige van die items was 'n "bargain", ander weer bietjie duur. Die middag se kant kom ons toe bymekaar vir 'n Bingo speletjie wat Janke en Minette vir ons gereël het. Dit was nogal vet pret gewees. Ek het nie geweet 'n mens kan met bingo "kroek" nie. So is daar beweer gewees. Magda het seker gemaak sy wen haar eie bottel wyn wat as skenking gegee is. Daar was nog 3 bottels wat as pryse uitgedeel is. Toe Magda en Renier gesamentlik Bingo roep, het sy maar besluit om vir Reniet die wyn te gee, aangesien sy toe alreeds 'n bottel gewen het.
Die aand het ons baie lekker gebraai en dit het later al stiller geraak aan Oosvaal se kant. By Kemptonpark se kant was daar konsert gehou vir die vale. Dit het darem geklink of hulle dit geniet het.
Sondag oggend is ons toe genooi vir die kerk saam met Kemptonpark en daar was 'n baie mooi preek gewees. Dit nogal gedoen deur 'n Polisie Kapelaan wat sommer self sing ook. Die saam sing met 'n CD werk nie altyd so lekker uit nie, want ons Sawanante is eintlik gewoond daaraan om sonder enige musiek of begeleiding te sing. Daarna het ons afgesluit en weereens het die kas 'n bietjie van 'n wins gemaak met al die Boo-boo's wat uitgegee was.
Toe begin van ons so stuk-stuk oppak om terug te gaan Secunda toe. Johan en Karin het probeer om die terug ry uit te rek tot so laat as moontlik maar moes maar uiteindelik swig voor die druk. Ons het seker gemaak almal is weg toe ons in die pad val.
Dit was weereens baie lekker gewees om so klompie van ons bymekaar te kon gehad het. Ons lede moet regtig bietjie werk daaraan om hierdie jaar so 'n bietjie saam te kom kamp en weer te kom belewe hoe lekker dit kan wees.
Baie dankie vir die saam kamp en sien volgende kamp weer.
Oosvaal groete van die Kampkommandante


Johan, Magda, Janke & Minette

# JAARPROGRAM

**2010**

| Datum | Bestemming | Kamp |
|---|---|---|
| 07 – 08 Mrt. | 100+ Kaya Manzi | Algemeen |
| 27 – 28 Mrt. | Koppisol | Streek |
| 02 – 05 Apr. | Presidente – Potch Dam | Algemeen |
| 24 – 27 Apr. | Kaia Manzi | Streek |
| 22 – 23 Mei | Pienaarsdam, Middelburg | Streek |
| 12 – 16 Jun. | Noordelike Presidente - Eiland | Algemeen |
| 10 - 11 Jul | Nas. Wintersaamtrek – Klein Kariba | Algemeen |
| 05 – 09 Aug. | AJV - Serengeti | Streek |
| September | Gebied | Streek |
| 09 – 10 Okt. | Kongres - Buffelspoort | Algemeen |
| 23 – 24 Okt. | Kareekloof | Streek |
| 20 – 21 Nov. | Hartbeespoort | Streek |

# SENIORBURGERS



**Elke dag weer nuut**

**Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. 2 Kor. 4 : 16**

Ja, ons is kleipotte wat met die jare besig is om uiterlik te vergaan. Maar het jy geweet dat die kleipot ook gebruik is om kosbare en welriekende salf en olie in te bêre? Al was die kleipot dalk al oud en uiterlik nie meer so mooi nie, kon dit daagliks gebruik word om die kosbaarste en welriekendste middele in te berg. En wanneer die kleipot gebreek het, het die heerlike geur die hele huis gevul.

Nou moet ons in gedagte hou dat net dít wat binne-in 'n kleipot is, kan uitkom. Wanneer dit geskud en gestamp word, en wanneer barsies in die klei begin ontstaan, kan daar ánders uitkom as dít waarmee die kleipot gevul is nie. Watter geur versprei jy wanneer jóú kleipot deur die stampe en stote van die lewe gaan? Watter geur stel jóú kleipot vry wanneer dit uiterlik besig is om te vergaan?

Wedergebore mense vergaan ook uiterlik. Die slytasie van die jare laat een of ander tyd sy merk. Maar deur die Heilige Gees is daar 'n vernuwende krag in jou aan die werk wat vir jou 'n daaglikse frisheid en varsheid gee – vars salf en olie wat daagliks tot ander se beskikking is! Die psalmdigter sê ook "selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees" (Ps. 92 : 52).

Die uiterlike vergaan doen dus geen afbreuk aan jou menswaardigheid, en die waarde wat jy nog steeds vir God en jou medemens het nie. Kyk verby die uiterlike vergaan, en loof God vir daaglikse vernuwing.


**Nog in die môre: deur JJ de Klerk**

# MOEDER



Wie sal 'n moederhart verstaan?  Wie sal weet van haar opoffering van baie jare, om haar kind die beste te kan gee wat sy kan.  Soms is dit vir haar kind swaar want dinge kon net beter gewees het.  Hoe sal 'n kind weet dat sy net haar beste gegee het, soms haarself tekort gedoen het, net sodat sy het om vir haar kind te kan gee.
Net nog 'n ma sal verstaan wat dit kos om 'n kind groot te maak.  En as jy die voorreg het om self 'n kind te hê, self ma te word, met al jou voornemens om tog nooit jou kind te laat deurmaak wat jy as kind moes deurmaak nie, sal jy op 'n dag besef dat jou kinders ook kinder wonde sal hê.  Dan besef jy dat dit nie so maklik is nie al probeer jy jou beste.  Eers dan, dink ek, sal jy weet wat dit beteken om MOEDER genoem te word.
Moenie jou moeder oordeel nie, moenie met haar fout vind nie – 'n ware moeder bedoel net goed vir haar kind!

# KLEINSPAN



**Die bal wat nie afgekom het nie**

**"Hou twee, bal drie," het die skeidsregter uitgeroep.**

Jim het sy bofbalkolf stywer vasgevat.  Dit was nou of nooit.  Hierdie gooi moes hy eenvoudig vat.

Die bal het net reg gekom, en hy het met al sy mag geswaai.  Die bal het die kolf mooi in die middel getref, 'n volmaakte hou.  En daar trek die bal, oor die gooier se kop, oor die tweede, en ver oor die vierkant.

Jim het na eerste rus gehardloop, dit maklik gehaal, en na die tweede begin hardloop.  'n Vlugtige blik na die buiteveld het hom oortuig dat die seuns nog nie die bal bereik het nie; toe draai hy tweede en haas na die derde rus.

Nog het die seuns die bal nie gehad nie, en skielik het Jim besef dat hy 'n boflopie gaan maak.  Hy wis dit was 'n goeie hou, maar hy het nie geweet dit was so goed nie.  Hy het gehoop al die ouens staan en kyk na hom!  Wie wil nou 'n boflopie sonder toeskouers maak!

Hy het omgekyk om te sien of hulle hom dophou – maar niemand het nie!  Hulle het almal in die lug opgekyk na die bal.  Hulle het hom nie eers raakgesien nie.

Dit was nie al nie.  Die seuns het 'n eienaardige uitdrukking op hul gesigte gehad.  Hulle oë was so groot soos pierings en hul monde het langsaam oopgeval.

Hoe gretig Jim ook al was om die boflopie te maak, het hy in sy spore bly vassteek om te sien waarna hulle kyk – en hy was net betyds vir die merkwaardigste gesig van sy lewe.

Die bal het nie afgekom nie!  Dit was asof dit huiwer, asof dit op die punt staan om te val.  Toe, skielik, skiet dit in die lug op, al hoe vinniger.  Na presies ses sekondes het dit skoon uit die gesig verdwyn.

Nee, dit het nie gebeur nie.  Natuurlik nie!  Julle weet net so goed soos ek dat elke bal wat opgaan, weer moet afkom.  Hy moet.  Hy moet die swaartekrag gehoorsaam.  Alles wat opgaan, kom weer af.  Dit gaan nou al sesduisend jaar lank so, en daardie wet is nog nooit verbreek nie.

Maar sê nou maar eendag besluit ŉ bofbal wel dat hy die reël nie meer gaan gehoorsaam nie.  Veronderstel hy sou sê: " Ek het daardie ou reël nou al lank genoeg gehoorsaam.  Ek het dit nog nooit verbreek nie.  Dit kan tog nie saak maak as ek dit net een maal doen nie!"

Toe Hennie dus die volgende keer gaan kolf, slaan hy die bal, en daar trek dit, hoër en hoër en hoër, en dit kom glad nie weer af nie.  Hoe prettig sal dit nie wees nie!  Ek sou graag wou daar wees om te sien, en julle?

Maar wag ŉ bietjie.  Sal dit so prettig wees!  Hoe gaan ŉ mens met die spel voort as die bal nie terugkom nie?

Of veronderstel julle skoolboeke besluit om die reël te verbreek.  Julle sit hulle op die grond neer terwyl julle op die skoolbus wag, en as julle weer omkyk, is hulle weg – besig om in die lug rond te drywe.  Dit sal lekker wees.  Niemand kan mens mos blameer as jy nie jou skoolwerk doen nie., omdat jou boeke in die wolke is.  Maar hoe sal jy ooit  ŉ geleerdheid kry sonder jou boeke?  Jy sal groot word soos ŉ onkundige ou niksnut.

Veronderstel iemand gee jou ŉ kegel met twee groot skeppe heerlike roomys daarop.  Jy maak jou mond oop om daaraan te lek, en skielik verbreek die roomys die reël.  Daar trek dit die lug in, en jy lyk baie verspot met jou mond oop en jou tong uitgesteek, maar met niks om aan te lek nie.  Nee, dit sal nie so lekker wees nie.

Watter deurmekaarspul sou dit nie gewees het as dit nie was dat alles die reëls gehoorsaam nie!  Jy loop vanmiddag huis toe van skool af, en daar dryf jou huis in die wolke rond, terwyl Moeder droewig vir jou vaarwel wuif en die huis al verder en verder wegtrek.


As iemand nou weer vir jou sê om die reëls te gehoorsaam, moenie die diklip gooi en dink jy is al een wat moet maak soos vir jou gesê word nie.

Elke ding en elke mens in die hele wêreld het reëls om te gehoorsaam, en die beste is om dit elke keer opgeruimd te doen.

**Lawrence Maxwell**

# VERJAARDAE

| Maart | April | Mei |
|---|---|---|
| 17 – Edwin Sieberhagen | 02 – Willie Bronkhorst | 03 – Marie Labuschagne |
| 18 – Carl Greyling | 06 – Hennie Oosthuyzen | 10 – Gregor van Deventer |
| 27 – Lieburt Meintjes | 11 – Piet Vrolijk | 13 – Chris Bornman |
| 31 – Annalie Meyer | 12 – Linda Augustyn | 14 – Jancke Britz |
| | 17 – Karin Burger | 15 – Hilda Pretorius |
| | 27 – Abrie Augustyn | 19 – Danie Meyer |
| | | 19 – Magda van Dyk |
| | | 23 – Corné Thirion |
| | | 26 – Theo Saayman |
| | | 28 – Anton Wilken |




# HUWELIKSHERDENKINGS

| Maart | April |
|---|---|
| 04 – Kobus & Annatjie Bester | 01 – Francois & Mariane Ueckermann |
| 14 – Sakkie & Gretha Mocke | 01 – Gerrie & Amelia Brits |
| 27 – Davis & Rea van As | 05 – Edwin & Rene Sieberhagen |
| 29 – Martiens & Alta Grobler | 12 – Carl & Amanda Greyling |

**Mei**

06 –Simon & Risella van Renssen
08 – Willie & Elma Bronkhorst
20 – Abrie & Ronel Augustyn



# LIEF EN LEED

Lief
Racois Ueckermann het 5 onderskeidings in matriek behaal. Baie geluk.
Baie geluk ook aan al die studente en leerlinge wat hul 2009 eksamens geslaag het.
Paul van Schalkwyk het 'n operasie gehad en dit weer goed met hom.
Willie Bronkhorst het 'n skouer operasie gehad en is besig om te herstel.
André Fourie het knie vervanging gehad en is besig om te herstel.
Annemarie Fourie gaan nie meer vir 'n nekoperasie nie.
Minette Britz, dit gaan goed met haar na die operasie.

Leed
Piere Fourie ontvang behandeling vir sy rug.
Oom Peet Venter van Olifantsrivier is oorlede.

# AANSPORINGSPLAATJIE




Renier & Channelle Venter – 10de Streek Saamtrek
Johan & Magda van Dyk – 30ste Streek Saamtrek
Peet & Elaine Venter – 80ste Streek Saamtrek en 100ste Algemene Saamtrek
Willie en Elma Bronkhorst – 90ste Streek en 200ste Algemene Saamtrek
André en Annemarie Fourie – 50ste Algemene Saamtrek.

# NUWE LEDE

**Welkom**
Martiens en Alta Grobler


# OOSVAAL BANK BESONDERHEDE





**Penningmeester:** Johan Burger

Bank besonderhede: Absa
Secunda
Rekeningnommer 4064995465
Takkode 630244

# VOORRAAD





**Voorraad Beampte:** Jancke Britz

| | | |
|---|---|---|
| Sweetpakke | - | Vanaf R315 |
| Boshoed | - | @ R60 |
| Snorre | - | @ R28 |
| Windjakker | - | Vanaf R220 |
| Windjakker (Waterdig) | - | Vanaf R230 |
| Oosvaal hemde | - | @ R70 |
| Oosvaal Pette | - | @ R45 |

**Alle verkope – Kontant met bestelling**

**SAWA Webwerf adres -** http://www.sawa.org.za/

Besoek die Sawa Webwerf en lees al die belangrike inligting aangaande Sawa eerstehands.

# DIE FYNPROEWER

## Potato and Cheese Bread



Serves 6 | Preparation Time: 15 mins | Cooking Time: 45 mins

**Ingredients**

1 sachet Knorr Cheese & Bacon Potato Bake
300 ml grated Cheddar cheese
75 ml milk
300 g potatoes, peeled and grated
450 ml self-raising flour
1 egg

**Instructions**

1. Mix the flour and sachet contents together in a large bowl
2. Add the grated potatoes and cheese, stirring gently with a fork to coat
3. Beat the egg and milk together and add to the potato mixture
4. Mix well to form a soft dough
5. Turn the dough onto a lightly floured surface and knead gently
6. Shape into a ball and place on a greased baking tray
7. Brush with milk
8. Using a sharp knife, divide the dough on top into wedges
9. Bake at 180°C for 45–50 min until well risen and golden brown

# Sawa Klere

Trui & Gholfhemp. Pet.





# VOOGDELYS

**Lance Batts**

André Erasmus, Dries Erasmus, Hennie Oosthuyzen, David van As, Gregor van Deventer, Neil van Wyk, Paul van Schalkwyk, Henry Viviers, Gerrie Brits, Piet Vrojlik.

**Magda van Dyk**

Abrie Augustyn, Nico Botha, John Brummer, Peet Jonker, Tinus Labuschagne, Neels Malan, Sakkie Mocke.

**Johan Burger**

Div du Toit, Francis Hodgman, Edwin Sieberhagen, Francois Ueckermann, Peet Venter, Renier Venter.

**Kobus Bester**

Div de Villiers, Carl Greyling**,** Wimpie Meintjes, Danie Meyer, Fanie Pretorius, Gert van Rensburg.

**Jancke Britz**

Frans Steyn, Martiens Grobler, Ronnie Moorcroft, Theo Saayman, Simon van Renssen, Anton Wilken.

**Elma Bronkhorst**

Chris Bornman, André Fourie, Jacques Fourie, Pierre Fourie, Hans Kruger, Corné Thirion.

# FOTOBEELD – Loskopdam - Kerskamp.

1. Verjaardagmaatjie- Lance & Retha. 2. Ongeag die reën- ons braai.





3&4. Kersvader bederf die kinders – groot mense.







5, 6 & 7. Aansporingsplaatjies – Johan & Magda, Peet & Elaine, Willie & Elma.







8, 9 & 10. Lekker kuier, Gaste – Rickus, Marlene, Lerika & Carla, Grootste droogmakers.







# FOTOBEELD – Suikerbosrand/Kareekloof.

**1. Johan & Magda druk besig om op te slaan.**




**2. Ons speel BINGO**




**3. Gaste- Dirk & Petra van der Walt.**




**4. Kampkommandate.**




**5. Nuwe Lede – Martiens & Alta Grobler.**




**6. Andre & Annamarie – 50 Algemeen .**




Vir nog foto's gaan kyk onder kampnuus op Sawa se webblad - http://www.sawa.org.za/Oos-Transvaal/Oosvaal.